



# Geloftevolk Koördineringskomitee

[www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)

Posbus 17305  
Bainsvlei  
9338



Vonkpos: vrkomitee@gmail.com  
Telefoon: 082 455 4303  
Faks: 086 619 2695

## **Handelinge van die Konsilie van die Geloftevolk van Suid-Afrika, 24-26 Maart 2016 [14-16 Abib], te Holfontein Geloftefeesterrein in die Ottosdal distrik.**

Die konsilie bedank al die volksgenote teenwoordig vir hul betrokkenheid en aanvaar met dank die referate gelewer deur die sprekers. Volksgenote kan gerus die volledige referate aflaai by: <http://www.volksvergadering.co.za/referate.php>

### **1. Die omvang van die Stigting van die Huis van Bloedrivier - Jurgens van Zyl**

Die konsilie neem met hartseer kennis van die staat van onkunde waarin ons volk verkeer m.b.t. die werklike inhoud en bedoeling van die Gelofte van Bloedrivier.

Die Stigting van die Huis van Bloedrivier vereis dat die Geloftevolk kennis sal dra van die inhoud van die outentieke Gelofte van Bloedrivier en uitvoering daaraan sal gee.

Dit is as volg opgeteken in die amptelike joernaal van die kommando onder leiding van *Hoofd-Komandant A.W.J. Pretorius* en ses maande na die veldslag gepubliseer in die Kaapse koerant: *De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 14 Juny, 1839*:

*“dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden),—“om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen”— en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden*

Omdat die oorspronklike weergawe van die Gelofte onbekend is by die volk, is die Huis nog nie gestig nie en sal dit ook nie ter stigting kom as ons nie die bepaling daarvan ter harte neem en daagliks daarvoor bid nie.

Daar is verskeie Bybelse vereistes waarin die Stigting van ‘n Huis ter sprake kom, nl: 1Kon. 11:29-38, 2Sam.7:10-11 en 1Kron. 17:9-10, 22-25.

Dit is egter nie die enigste bepaling waaraan ons as Geloftevolk aandag aan moet gee ter stigting van die Huis van Bloedrivier nie, maar aan al die ander opdragte en sal ons moet luister na alles wat God ons bevel het.

Die **bou** van die Geloftekerk en die Voortrekkermonument is nie die Huis wat **gestig** moes word nie en beantwoord bv. nie aan die bepaling: *“alwaar het Hem zal behagen”*, nie. **Bou** beantwoord ook nie aan dit wat met **stig** bedoel word nie.

‘n Verdere kenmerk van ‘n bestendige Huis sal wees dat die eienskappe daarvan aanwesig sal wees in die harte van die Volkshuis se boustene, nl. die gesinne en die families. Hierdie boustene word in terme van die oorspronklike bewoording opgeroep om hierdie Huis te Stig deur daagliks die volgende bepaling na te kom: *“en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen.”*

Ons sal uiteindelik vir ons hemelse Vader ‘n bestendige Huis wees, as ons Hom vir hulp en bystand bly smee, soos wat die Strafkommando gedurende 9-16 Desember 1838 gedoen het en die oorwinning behaal het.

Geloftedag moet ter Ere van God gevier word en moet gekenmerk word as:

- ‘n Volksfees,
- ‘n Godsdienstige Fees,
- ‘n Gedenkfees,
- ‘n Verbondsfees,
- ‘n Dankfees.

Deur die outentieke Gelofte onder die aandag van mede volksgenote te bring en die inhoud daarvan na te kom, sal die herstel van ons vryheid in ‘n eie staat waar dit God Almagtig [JHWH] behaag, verwesentlik word. Daar sal Sy Woord weer wet wees en ons Hom in vrede en voorspoed kan dien.

## **2. Die behoud van karakterdiversiteit binne die eenheid van die Geloftevolk – Dr. Ronnie vd Merwe.**

Die konsilie is die eens dat ons SKEPPER in SY ontwerp van die mens se genetiese erfsistiem verseker het dat geen twee persone identies is nie (behalwe die spesiale geval van identiese tweelinge). Hiermee word 'n wye reeks van genadegawes toegeken sodat 'n magdom van verskillende vermoëns, bekwaamhede en karaktereienskappe sal bestaan by volksgenote.

Hierdie diversiteit is in 'n humanisties ge-oriënteerde samelewing egter die grondslag van ongesonde wedywering en verdeeldheid. Tog is hierdie diversiteit ook die onontbeerlike grondslag van 'n suksesvolle dinamiese fisiese volksbestaan.

Wanneer die volk haar egter verbind aan CHRISTUS as die NUWE VERBOND, bring hierdie psigiese transformasie wat volksgenote gevolglik beleef, mee dat 'n geestesingesteldheid van liefde betoning in die samelewing posvat sodat die diverse samelewing tot 'n eensgesinde eenheid saamgesnoer word. Dan sal die volkshuis funksioneer soos die baie lede van een liggaam wat nie almal dieselfde werking het nie maar gesamentlik die funksie van die liggaam vervul waar almal inter afhanklik van mekaar is.

Indien die volksordening volgens hierdie model deur die geestelike vernuwing van volksgenote funksioneer en die volkshuis dus saamgestel is uit boustene wat deur die liefde van CHRISTUS geheg is, sal so 'n volkshuishouding 'n refleksie van die gemeentelike LIGGAAM van CHRISTUS (ons MESSIAS) wees om SY lof voor die wêreld te verkondig.

## **3. Wat vereis die Skrif van ons m.b.t. Sabbatsonderhouding – Migael Lombard.**

Die konsilie is bekommerd oor die heersende onderhouding van die sabbat as vierde gebod van die wet en doen hiermee ‘n beroep op volksgenote om hierdie saak in die rein te bring.

Weens ‘n verskeidenheid van oortuigings is die konsilie nie voorskriftelik m.b.t. welke dag as weeklikse Sabbat erkenning moet geniet nie, maar wel wat die gelowiges op hul onderskeie Sabbatte doen.

God verwag die volgende van die gelowige mens om op die weeklikse Sabbat te doen: -

- a) Dat dié mens dié dag as 'n rusdag sal deurbring en geen beroepswerk sal doen of laat doen, nie;
- b) die heilige samekomste sal bywoon, al is dit tuis binne gesinsverband.
- c) Dat dié mense hulself sal afsonder van alle sekulêre bedrywighede [handel, sport, ens.] en die dag sal heilig deur dit aan JHWH [die HERE] te wy;
- d) dat die voorbereiding van kos op die voorafgaande dae sal geskied.

Skriftuurlik gesproke is daar egter ander dae wat ook 'n sabbatsinhoud het, bv. die eerste dag van die maand [nuwemaan] en die eerste dae van die onderskeie feesweke asook die Trompettefeesdag en die Groot Versoendag waarop daar ook geen beroepswerk op gedoen mag word nie. Die voorbereiding van kos op van hierdie dae verskil ietwat van die weeklikse 7de dag sabbat. Waar die eerste dag van 'n feesweek direk na die sewende dag sabbat begin het, is die sabbat as 'n dag van voorbereiding vir die daaropvolgende dag beskou en is daar wel op sekere sabbatte voorbereidings van kos toegelaat – Ex.12:16, Joh19:31.

Die Sabbat is 'n baie belangrike dag binne die wet en is dit ook die teken tussen die HERE [JHWH] en Sy volk. Die sabbat is die eerste van die wette wat gegee is om die volk te toets of hul die ander wette sou kon onderhou.

Die Sabbat is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbat nie.

#### **4. Die oorkoming van hindernisse ter stigting van die Huis van Bloedrivier- Flip Swanepoel.**

Die konsilie neem kennis van al ons Volk se Geloftes en is besorg oor die gebrekkige inligting wat veral oor die Gelofte van Bloedrivier bestaan. Onkunde m.b.t die korrekte bewoording van dié Gelofte is die vernaamste hindernis ter Stigting van die Huis van Bloedrivier.

Die Stigting van die Huis van Bloedrivier [vervulling] kom volgens jarelange navorsing neer op die totstandkoming van 'n Bybels gegronde Teokratiese bedeling met inagneming van die vervulde wette soos ná verwys in Mat.5:17-20.

Die opvatting dat ons nie meer weet wat die oorspronklike bewoording van die Gelofte is nie, is onwaar. Die outentieke weergawe van dié Gelofte staan opgeteken in J.G. Bantjes se joernaal en is gepubliseer in 'n bylae in die Kaapse koerant van 6 maande ná dié veldslag, by name: *De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 14 Juny 1839 [sic]*, asook in 'n berig in dieselfde koerant van *Vrydag den 8 February 1839*. Die outentieke weergawe is opgeneem in die referaat en is verkrygbaar op die webwerf.

Die algemeen aanvaarde opvatting, nl. dat die Gelofte vervul is met die bou van die sogenaamde Geloftekerk te Pietermaritzburg, kan nie met die outentieke weergawe in verband gebring word nie. Die huidige opvatting is gegrond op weergawes wat jare later ontstaan het, van wat onthou kon word. Dit kan nie die eietydse amptelike weergawes vervang nie. Die Gelofte van Bloedrivier is hiervolgens nog nie vervul nie, en bly dit 'n onafgehandelde taak wat volgens Bybelse voorskrifte [Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5] van ons vereis word, en by versuim maak dat God Almagtig die werke van ons hande verwoes.

'n Verdere hindernis, is die wanbataling van die Paardekraal Gelofte wat vereis dat ons as Volk wat ons gebonde ag aan die Geloftes, jaarliks op 16 Desember te Paardekraal [Krugersdorp] byeen moet kom om die Gelofte van Bloedrivier dáár te herdenk. Die

Paardekraal Gelofte [13 Des.1880] het ontstaan nadat Burgers van die ZAR gedurende die Britse anneksasie van die ZAR [1877 – 1881], op 16 Des. 1879 begin het om na 40 jaar se nie-onderhouding van die Gelofte van Bloedrivier, dit te herdenk.

Die Paardekraal Gelofte het gelei tot die oorwinning oor die Britse Magte, vanaf 16 Des. 1880 tot en met 27 Feb. 1881 met die Slag van Majuba. Die ZAR regering het gevolglik 27 Feb. [Majubadag] as jaarlikse dag van Verootmoediging ingestel ter herdenking van die wonderwerke wat die HEERE [JHWH] op daardie dag gedoen het. Die nie-nakoming van Majubadag as dag van Verootmoediging, is dus 'n verdere hindernis, daarin dat ons toenemend gebuk gaan onder strafgerig en in moedeloosheid verval.

Die strafgerig verdiep met die nie-nakoming van die Gelofte van Jan van Riebeeck en metgeselle. Volgens Bybelse voorskrifte reeds aangehaal sal ons hemelse Vader die werke van ons hande verwoes as ons nie ons Gelofteverpligtinge teenoor Hom nakom nie. Elke ingeligte volksgenoot besef teen hierdie tyd dat ons onder 'n strafgerig verkeer.

Die hindernisse kan oorkom word deur 'n intensiewe inligtingsveldtog te loods, waartydens die werklike bewoording- en bedoeling van al ons geloftes en ondernemings wat binne volksverband gedoen is, vervat word en aan alle belanghebbendes voorsien word. Al die Geloftes se bewoording is verkrygbaar op die webwerf by: <http://www.volksvergadering.co.za/geloftes.php>

#### **5. Die erkenning van die Koningskap van Jahshuah (Jesus) in ons daaglikse lewe – Johan Erasmus**

Die konsilie verwerp die leringe van humanisties-sekulêre regering en post-millennialisme, waar eersgenoemde verkondig dat die mens die reg het tot selfregering, en laasgenoemde verkondig dat Jesus Christus (Jahshua Messias) eers iewers in die toekoms sal regeer.

Uit die Bybel is dit duidelik dat die Goddelike reg van Koningskap aan die Messias alleen behoort. Uit ons volksgeskiedenis is dit duidelik dat Hy as Koning die Geloftevolk reeds vanaf 1838 lei oppad na die beloofde Koningryk waar Hy as Koning oor die Huis van Bloedrivier gaan regeer.

Die konsilie erken die Koningskap van Jahshua Messias (Jesus Christus) oor die Geloftevolk en aanvaar verder dat die Geloftevolk die verpligting het dat sy haar sake sal uitvoer onder Sy Majesteit.

#### **6. Die Koningskap van Jahsua en die Huis van Bloedrivier - Migael Lombard**

Die konsilie is dit eens dat Huis waarna verwys word in Jesaja 66:1, die Huis is waarna ons Koning Jahsua [Jesus] sal terugkeer en regeer op Dawid se troon. Die Huis wat volgens die Gelofte van Bloedrivier gestig moet word kom volgens Bybelse terme neer op die totstandkoming van 'n Teokrasie.

Die werking van die te stigte Teokrasie word gegrond op die inspraak van Jahshua as koning d.m.v. raadpleging. Sodoende sal Jahshua Sy koningskap oor ons kan uitoefen nog voordat Sy wederkoms plaasgevind het.

Die stigting van die Huis van Bloedrivier maak deel uit van die verlossingsboodskap van Jahshua wat sal uitloop op Sy koninkryk, waarvoor Hy ons geleer het om voor te bid. Dit sal egter nie geskied alvorens die Geloftevolk hul bekeer van hul verkeerde weë.

Hierdie Huis bestaan ook uit navolgers van Jahshua [Jesus] as lede van Sy Liggaam waarin Sy Heilige Gees woning in maak soos na verwys in 1Kor.6:12-20, terwyl Handeling 7:44-51 verwys na die Grootheid van ons hemelse Vader wat nie in mensgemaakte tempels woon nie, maar tog 'n afbeelding daarvan aan Moses getoon en laat maak het. Sy koningskap is reeds binne elkeen wat Hom as koning aanvaar soos ook

beskryf in Lukas 17:20-21, al het Sy wederkoms nog nie plaasgevind nie. Ons koning sal volgens Sef.3:15,17 by ons wees, hier duskant die riviere van Kus.

Die elemente van die liefde soos beskryf in 1Kor.13 gaan ook hand aan hand met die stigtingsproses van die Huis en was die elemente van liefde ook aanwesig by die aanloop tot- en die formulering en aflegging van die Geloofte van Bloedrivier. Die doel met die vervulling van hierdie gelofte is in harmonie met ons Vader se wil soos geprofeteer in bv. Sef.3 en sal uiteindelik aansluiting vind by die komende koninkryk van Jahsua Mesias [Jesus Christus].

Die konsilie is dit eens dat die Huis wat gestig word [waar en wanneer dit ons hemelse Vader behaag] en waarin Jahsua as Koning sal heers, geïnisieer is by die sluiting van die Geloofte van Bloedrivier gedurende 9 tot 16 Desember 1838.

#### **7. Godspraak aan die Gelooftevolk deur die visioene aan Siener van Rensburg tydens ons uur van beproewing - Flip Swanepoel.**

Siener [Niklaas Jansen] van Rensburg het meer as 90 jaar gelede verskeie visioene ontvang van ons hemelse Vader [JHWH] wat daartoe bygedra het dat Brittanje, bygestaan deur o.a. Canada, Australië en Nieu-Zeeland, nie die Boervolk kon uitwis tydens die Anglo-Boereoorlog nie. So ook kon die Unie-Regering tydens die 1914 Rebelle ook nie dié Britse ideaal verwesentlik, nie.

Die verdere doel en uitwerking van hierdie visioene is dat die Gelooftevolk hier aan die Suidpunt van Afrika, gedurende die strafgerig wat oor hulle kom weens hoofsaaklik die wanbetaling van hul geloftes, nie totaal vernietig sal word nie, en dat die Vierkleur weer sal wapper oor 'n vrye volk.

Hierdie referaat fokus op dit wat vir ons van toepassing sal wees tydens ons uur van beproewing. Daar word slegs aangehaal uit: DIE VIERKLEUR WAPPER WEER, Die visioene van Siener van Rensburg, deur A.W.G. Raath en N. van Zyl.

Vanaf bladsy 281 in dié boek kom verskeie vertellings voor van mense wat eerstehands van die Siener [Profeet van God Almagtig] verneem het wat aan die einde van die dae sal gebeur, wanneer die donkerste tyd op ons volk sal toesak, waarna ons 'n vrye, maar Godvresende volk sal wees, met net een kerk en 'n Volksraad.

#### **8. Hoe dien ons as Gelooftevolk Koning Jahshua (Jesus) met 'n volkome hart - Phillip Groenenstein**

Die konsilie wil dit sterk op ons as volk se harte lê dat die huidige bestel waarin ons as Gelooftevolk ons in bevind deur ons hemelse Vader so beskik is en die rede daarvoor is om ons as volk tot bekering te roep. Hy is immers die een wat heersers se harte soos water lei, soms ten goed en soms ten kwade vir ons. Dit is ons eie handeling wat sal bepaal watter een op ons van toepassing sal wees.

1Kon.9:1-9 gee vir ons die belofte van 'n bestendige Huis mits ons ons Hemelse Vader met 'n volkome hart dien, MAAR baie belangrik dui dit ook die teenpool aan van hoe Vader ons uit ons land sal ruk indien ons van Sy weg sou afdwaal. In Jeremia 6 lees ons self verder dat Vader aktief struikelblokke in ons pad sal werp.

Die volkomenheid in hart m.b.t die diens van die Gelooftevolk aan die Allerhoogste is die handhawing van die Skrifgesag waaronder die Gelooftevolk se heilige kontrakte aangegaan is, ter stigting van die Huis van Bloedrivier. Dit is die weg wat ons ook moet soek en volg voordat ons weer vry sal word en voordat die Huis van Bloedrivier tot stand sal kan kom.

Die Voortrekkers het hul lewens ingerig volgens dit wat hulle uit die Skrif verstaan het...en al was dit nie altyd volmaak, was hul strewe daarna om hul lewens so in te rig dat dit Hom

sou behaag. Van hul gesinslewe tot hul volksregering was op dié basis geadministreer en hiervoor is hulle beloon deur by verskeie geleenthede van gewisse dood en vernietiging gered te word.

Die stigting van die Huis van Bloedrivier soos vervat in die 1838 Geloofte, sal ook voorafgegaan moet word met die onderhouding van die insettinge en gebooie van ons hemelse Vader. M.a.w. voordat ons hemelse Vader hierdie bestendige Huis vir ons sal stig, sal ons soos Sy kneg Dawid, met 'n volkome hart in SY weë moet wandel.

1Tim.1:5 Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinste geloof.

Die gebod, Wette en verordeninge is een en dieselfde begrip. Só is die doel van die Wet, dan liefde. As ons dan nie onder die Wet, of dan onder die gebod is nie, is ons ook nie onder die liefde nie. Jy kan Hom nie liefhê as jy jou nie met Sy gebooie en Insettinge vereenselwig nie.

Daar staan geskryf in Exo.20:12 – “Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat JHWH (die HERE) jou God aan jou gee.”

M.a.w. die dae van ons volkslewe, word verkort omdat ons ons vaders en moeders vergeet het en die weg wat hulle gevolg het nie instand gehou het nie, maar verag het.

Dit sal tot waardevolle riglyne vir die toekoms-volk dien wanneer die lewensnorme van die ou volk nagespeur kan word. Die spreuke van Pres. Paul Kruger sou dan toepaslik wees deurdat die toekoms van die volk gebou kan word op die mooie van die verlede. So mag die grondplan van die te stigte Huis van Bloedrivier moontlik te vinde wees in die uitlewing van die riglyne waarop die ou volk gefunksioneer het.

As ons ons vaders en moeders moet eer sodat ons dae verleng mag word in die land wat JHWH aan ons gee, hoeveel te meer moet ons nie ons hemelse Vader eer nie? Die manier hoe ons Hom moet eer, is deur Sy verordeninge, insettinge en gebooie te onderhou.

## **9. Die vernietiging van die Tempel van JHWH (Die HERE) d.m.v. verassing – Kobus Botes**

Die konsilie verwerp die goedkeuring en bevordering van verassing (lyksverbranding) binne Christelike verband. Volgens die Bybel is die praktyk van lyksverbranding 'n gruwel in die oë van God (Elohim) omdat dit neerkom op die vernietiging van die liggaam as Tempel van die Messias (Christus). Die term “stof-tof-stof en as-tot-as” het nie sy oorsprong uit die Bybel nie, maar slegs “stof-tot-stof”.

Die konsilie neem met groot misnoë kennis van die huidige disrespekvolle praktyke van lykskendings en ander gruwelike gebruike by krematoriums, waarvan u kan lees in die referaat op die webwerf.

Die konsilie erken dat die Bybel ons op verskeie plekke leer dat verbranding 'n vorm van oordeel is, en dat die reg om te oordeel alleen behoort aan Jahshua Messias (Jesus Christus). Diegene wat dus besluit om iemand te veras voer 'n menslike oordeel uit, en tree so direk op teen die gesag van Christus. Die konsilie besef dat verassing een van ons volksondes is wat moet einde kry, en waarsku volksgenote van die sonde van verassing en die vloek wat dit meebring op diegene wat deel het aan daardie besluit en uitvoering.

Die konsilie besluit dat die huidige gebruike by begrafnisse (ter-aarde bestellings) ondersoek sal word en by 'n toekomstige byeenkoms ter tafel gelê kan word.

## **10. Waar is My eer? – Conrad van Niekerk**

Die konsilie verwerp die lering van humanisme en menseverering. Die Bybel maak dit baie duidelik dat ons Hemelse Vader se eer vir hom baie belangrik is. Ontering van Hom en Sy Naam het ernstige gevolge en ons gaan tans gebuk onder Strafgerig as gevolg daarvan dat Hy nie Sy eer ontvang nie. Hy eis Sy eer en die eer van Sy Seun vir wie Hy 'n erfgenaam gemaak het om die volke as erfdeel te ontvang (Ps.2). Ons onteer tans Sy Naam deur afvallig te wees van Sy weë en deur die versaking van die Geloftes wat ons tot Sy eer moet hou.

Die konsilie doen 'n beroep op volksgenote om ons Hemelse Vader te eer in alles wat ons dink, sê en doen en met al ons kragte. Ons vereer Hom deur verskeie aksies bv. erkenning van Hom en Sy Seun, agting/vrees vir Hom, lofsang, aanbidding, die hou van Sy wette en Sabbatte en Feeste. Die komende Teokrasie word geskoei op die terugkeer na Sy weë en die nakoming van die Geloftes wat ons Geloftevolk met Hom gemaak het, en dus so die Huis van Bloedrivier te stig.

Die konsilie besef watter verantwoordelikheid die Geloftevolk het om die Huis van Bloedrivier te stig en die volk te wees van Sef.3 en Jes.18, waarin geprofeteer word dat Koning Yahusha sal terugkeer na ons en Sy Koningskap op aarde weer sal vestig. Ons moet nou al as Volk ons Hemelse Vader en Sy Seun eer soos Hy dit wil hê en beveel. Die verskille onder die volk moet verdwyn en ons moet Hom met 'n eenparige skouer dien sodat die wêreld sal erken dat Hy die enigste Koning is en Hy dus die totale eer, aanbidding en lof kry soos Openb 5:13 verkondig.

## **11. Die totstandkoming van die Volksgemeente in Koning Jahshuah (Jesus) ons Messias – Dr. Ronnie van der Merwe**

Die konsilie neem kennis van die feit dat die SKRIF slegs twee lokaliteite aantoon van waar die fisiese Hut (Regering) van Dawid herstel sal word.

Temidde van die uitverkorenes wat die Evangelie van Christus regoor die wêreld sal hoor, en aanvaar, sal 'n deeltjie van die oorblyfsel van die verstrooide volk van GOD (JHWH) fisies in die NUWE VERBOND onder heerskappy van die HOOF (dit is CHRISTUS) vergader word in die twee identifiseerbare volksgemeentes.

Een gemeente sal hervestig word "in die land wat GOD aan hul vaders gegee het", nl. rondom Jerusalem. Die ander "gemeente van verstrooides" sal versamel word in die Suide van Afrika "anderkant die riviere van Kus" (Sef.3). Hierdie gemeente sal 'n nie-kussietiese volk wees (Sef.2:12).

Omdat hierdie volksgemeentes onder die direkte bestuur van die HOOF sal staan sal die volksordening, met die HOOF as KONING, as 'n Teokrasie bestuur word. Hieruit sal voortvloei dat vanuit hierdie fisiese gemeentes die LIG van CHRISTUS sal uitgaan om SY lof te verkondig voor die wêreld. Hul sal 'n toonbeeld wees van gehoorsaamheid aan die ALMAGTIGE GOD (JHWH) en van vrede en voorspoed. Die staatkundige aansien van hierdie volksgemeentes sal hoog wees oor die ganse aarde (Sef.3:19b).

Dit word afgelei vanuit die profesie in Sef.3 dat die gemeente "anderkant die riviere van kus", ten Suide van Afrika, na fisiese versameling, vir 'n tweede keer verstrooi sal word. Hierdie verstrooiing sal nie weer 'n wegvoering wees nie maar wel 'n verjaging na lande regoor die wêreld. Hierdie oordeel (strafgerig) is die gevolg van volksondes nl.: oorwaardasie van eie mag, hoogmoed, onregpleging en leuens en bedrog (Sef.3).

Hierdie volksgemeente sal weer herstel word en die vyande vernietig word (Sef.3). Aangesien hierdie begenadigde gemeente eensgesindheid en harmonie sal openbaar, sal dit wat verdeeldheid meebring uit die weg geruim word. Vandag is die grootste teehouer van eensgesindheid en die beloofde lotsverandering in hierdie volksgemeente die religieuse verdeeldheid wat heers onder volksgenote.

Wanneer die volksgemeente (Sef.3:12) haar weer bekeer het sal haar lot sonder eie toedoen voor haar oë verander word tot 'n roem voor die nasies en haar verjaagdes weer versamel word. Die religieuse grense sal moet verdwyn en die gemeente, as liggaam van CHRISTUS, sal eensgesindheid en eendragtigheid openbaar.

## **12. Skriftuurlike en geskiedkundige evangelisasie van die verbondsvolk - Jurgens van Zyl**

Te spyte van verskeie aanslae op die Boodskap van die Bybel oor die eeue, het die Geloftevolk nog steeds gebonde gebly aan God en Sy Gebod. Nie mistieke invloede of die skep van vals brontekste deur bv. Westcott en Hort en die gepaardgaande Bybelvertalings [bv.1983] of geestelike kragte soos wat in Toronte bekendheid verwerf het, kon die voortbestaan van die Ou- en Nuwe Testament keer.

Ons voorsate het weens hul isolasie, baie van genoemde dogmatiese invloede van die Europese kerke vrygespring en as Protestante die binneland ingetrek. Hulle was grootendeels aangewese op eie kennis en vertolking van die Skrifte en afgesny van die Kaapse kerk deur sensuur. Hulle was kerkloos maar nie Godloos nie. Ten spyte van hul isolasie is hulle vir hul standvastigheid en onwrikbare geloof bekroon deur die ingrype van God Almagtig, veral tydens die Slag van Vegkop- en Bloedrivier.

Die konsilie is dit eens dat selfbeskikking slegs sal geskied as hierdie geslag 'n baie groot hervorming ondergaan waarin die letterlike vertolking van die Skrif voorrang sal moet geniet soos in die dae van ons voorsate.

Bybels gesproke het die priesters en konings se vertolking van die Wet die welstand van die volk bepaal, soos opgeteken is in Lev.26 en Deut.28 en 29. Hedendaags word die welstand van die Christenvolk bepaal deur die vertolking van die predikante en politici.

Die leraars in ons land sal moet terugkeer na die Waarheid van die Woord; na die vreeslose gehoorsaamheid daaraan en die volk daarin moet voorgaan; ons laat buig voor die Almagtige se Aangesig om Sy wil en welbehae te soek. Ons sal ons van ons persoonlike- en volkssondes moet bekeer en ná die totstandkoming van die Verbondshuis van Bloedrivier, moet waak teen misleiding.

In diens van Sy Majesteit  
Dr. Ronnie van der Merwe [Voorsitter GKK]